SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 28-Feb-2003
Topic: 19
Ref No: 961
2
ID: 02922302-01
Source Page: 15

# Ondersoek die hemelhoë vleispryse

DIE aanstelling van 'n kommissie van ondersoek onder leiding van dr. Johan Kirsten na die hemelhoë voedselpryse was inderdaad goeie nuus.

Hoewel Kirsten ongetwyfeld goed gekwalifiseer is om so 'n ondersoek te lei, kan ek nie die versoeking weerstaan om 'n bietjie ongevraagde advies aan te bied nie.

Hy kan gerus die huidige rooivleispryse in supermarkte en geriefswinkels as beginpunt vir sy ondersoek gebruik.

Indien die daaglikse geadverteerde veilingpryse by die Maitlandse abattoir as groothandelsmaatstaf gebruik word, is die supermarkpryse van skaap- en beesvleis absoluut verregaande.

As voorbeeld: Die prys vir lamslendetjops (graad A2) was op 25 Februarie by 'n supermark in Durbanville R51,95/kg en R57,95/kg by 'n geriefswinkel in Stellenberg. Die ooreenstemmende veilingprys by Maitland se abattoir was R19,71/kg.

In die geval van die supermark was daar dus 'n toename van 163,5% en in die geval van die geriefswinkel 'n toename van 194% vanaf die groothandelaar tot op die winkelrak.

As ons by beesvleis kom, lyk die prentjie nog so 'n bietjie erger.

Die geriefswinkel se pryse vir twee populêre snitte (kruisskyf en Porterhouse) was op 26 Februarie onderskeidelik R67,95/kg en R55,95/kg.

Die supermark het 'n uitstekende aanbod op albei gehad: R45,95/kg.

Dit klink fantasties – behalwe dat die veilingprys vir graad A2-beesvleis by Maitland se slagplaas R13,18/kg was!

'n Toename dus van 370% vir die geriefswinkel en 248% vir die supermark se "spesiale" aanbod.

Selfs as alle moontlike verskuilde koste en verliese in ag geneem word, lyk dit vir my nog steeds na uitbuiting van 'n reeds vuisvoos verbruiker.

**ALEC ELLIS**
**Stellenryk**